



# Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 587 Cape Town,  
Kaapstad, 19 May 2014

**No. 37662**

## THE PRESIDENCY

No. 386 19 May 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 13 of 2014: State Attorney Amendment Act, 2014**

## DIE PRESIDENSIE

No. 386 19 Mei 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 13 van 2014: Wysigingswet op die Staatsprokureur, 2014**



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

- [                    ]    Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.
- 
- 

*(English text signed by the President)*  
*(Assented to 16 May 2014)*

# ACT

**To amend the State Attorney Act, 1957, so as to provide for the establishment of offices of State Attorney; to provide for the appointment of a Solicitor-General and State Attorneys; to provide for the powers of the Minister relating to the functions of the offices of State Attorney; to provide for the powers and functions of the Solicitor-General; and to provide for matters connected therewith.**

**T**HE PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

**Substitution of section 1 of Act 56 of 1957**

1. The following section is hereby substituted for section 1 of the State Attorney Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act): 5

**“Establishment of offices of State Attorney**

1. (1) The Minister of Justice and Constitutional Development may establish offices of State Attorney in order to promote the efficient and effective performance of the functions provided for in section 3. 10
- (2) The office of the State Attorney established in Pretoria and the branches thereof, existing at the commencement of the State Attorney Amendment Act, 2014, are deemed to have been established as offices of State Attorney under this section.”

**Substitution of section 2 of Act 56 of 1957, as amended by section 1 of Act 7 of 1966**

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act: 15

**“Appointment of Solicitor-General, State Attorneys and other persons in offices of State Attorney and termination of appointment**

2. (1) The Minister of Justice and Constitutional Development may, subject to the laws governing the public service, appoint as Solicitor-General, a fit and proper person, with due regard to his or her experience, 20

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hakies dui skrappings uit  
bestaande verordenings aan.

\_\_\_\_\_ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in  
bestaande verordenings aan.

---

(Engelse teks deur die President geteken)  
(Goedgekeur op 16 Mei 2014)

---

# WET

Tot wysiging van die Wet op die Staatsprokureur, 1957, ten einde voorsiening te maak vir die instelling van Staatsprokureurskantore; die aanstelling van 'n Prokureur-generaal en Staatsprokureurs; die bevoegdhede van die Minister met betrekking tot die werksaamhede van die Staatsprokureurskantore; die bevoegdhede en werksaamhede van die Prokureur-generaal; en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**D**IE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika bepaal, soos volg:—

**Vervanging van artikel 1 van Wet 56 van 1957**

1. Artikel 1 van die Wet op die Staatsprokureur, 1957 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang: 5

**“Instelling van Staatsprokureurskantore**

1. (1) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan Staatsprokureurskantore instel ten einde die doeltreffende en effektiewe verrigting van die werksaamhede waarvoor in artikel 3 voorsiening gemaak word, te bevorder. 10

(2) Die Staatsprokureurskantoor wat in Pretoria ingestel is en die takke daarvan wat by die inwerkingtrede van die Wysigingswet op die Staatsprokureur, 2014, bestaan, word geag kragtens hierdie artikel as Staatsprokureurskantore ingestel te gewees het.”

**Vervanging van artikel 2 van Wet 56 van 1957, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 7 van 1966 15**

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Aanstelling van Prokureur-generaal, Staatsprokureurs en ander persone in Staatsprokureurskantore en beëindiging van aanstelling**

2. (1) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, 'n persoon as Prokureur-generaal aanstel wat 'n gepaste en geskikte persoon is, met behoorlike 20

conscientiousness and integrity, to be entrusted with the responsibilities of the office concerned—

(a) who is admitted as an attorney in any division of the High Court of South Africa; or

(b) who—

(i) is admitted as an advocate in any division of the High Court of South Africa;

(ii) was previously admitted as an attorney in any division of the High Court of South Africa and practised as such;

(iii) has not been struck off the Roll of attorneys or Roll of advocates, as the case may be; and

(iv) is eligible to be re-admitted as an attorney,

and who shall, with due regard to the ethical norms and standards in the attorneys' profession, be subject to the direction and supervision of the Minister.

(2) The Solicitor-General is appointed for a term of five years, which may be extended by the Minister of Justice and Constitutional Development for any further period or periods of not more than five years at a time.

(3) The Minister of Justice and Constitutional Development may, subject to the laws governing the public service and after consultation with the Solicitor-General, appoint—

(a) as State Attorneys, fit and proper persons who are admitted and entitled to practise as attorneys in any division of the High Court of South Africa, and who shall be the heads of offices of State Attorney established or deemed to have been established in terms of section 1;

(b) as many persons, who are fit and proper, and who are admitted and entitled to practise as attorneys in any division of the High Court of South Africa, as may be necessary for the proper performance of the business of an office of State Attorney; and

(c) such other persons as may be necessary for the proper performance of the business of an office of State Attorney.

(4) (a) The appointment of a Solicitor-General in terms of this section shall, subject to the laws governing the public service, and after following due process, terminate—

(i) if a division of the High Court of South Africa orders that—

(aa) his or her name be struck off the Roll of attorneys or Roll of advocates, as the case may be; or

(bb) he or she be suspended from practice as a sanction arising out of disciplinary processes instituted by the relevant professional governing body in the legal profession; or

(ii) in terms of any ground provided for in section 17 of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994).

(b) The appointment of a State Attorney or attorney in terms of this section shall, subject to the laws governing the public service, and after following due process, terminate—

(i) if a division of the High Court of South Africa orders that—

(aa) his or her name be struck off the Roll of attorneys; or

(bb) he or she be suspended from practice as a sanction arising out of disciplinary processes instituted by the relevant professional governing body in the legal profession; or

(ii) in terms of any ground provided for in section 17 of the Public Service Act, 1994.

(5) (a) Whenever the post of Solicitor-General is vacant or if the Solicitor-General is for any reason absent or unable to exercise his or her powers or to perform his or her functions in terms of this Act, the Minister of

5

10

15

20

25

30

35

40

45

50

55

- inagneming van sy of haar ondervinding, pligsgetrouheid en integriteit om met die verantwoordelikhede van die betrokke amp toevertrou te word—
- (a) wat as 'n prokureur in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika toegelaat is; of
- (b) wat—
- (i) as 'n advokaat in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika toegelaat is;
  - (ii) voorheen as 'n prokureur in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika toegelaat is en aldus gepraktiseer het;
  - (iii) nie van die prokureursrol of advokaterol, na gelang van die geval, geskrap is nie; en
  - (iv) vir hertoelating as 'n prokureur kwalifiseer,
- en wat, met behoorlike inagneming van die etiese norme en standaard in die prokureursprofessie, aan die leiding en toesig van die Minister onderworpe is.
- (2) Die Prokureur-generaal word vir 'n termyn van vyf jaar aangestel, wat deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling vir enige verdere tydperk of tydperke van hoogstens vyf jaar op 'n keer verleng kan word.
- (3) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, en na oorlegpleging met die Prokureur-generaal—
- (a) as Staatsprokureurs gepaste en geskikte persone wat toegelaat en geregtig is om in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika as prokureurs te praktiseer en wat hoofde sal wees van Staatsprokureurskantore wat kragtens artikel 1 ingestel is of geag word ingestel te gewees het;
- (b) soveel persone, as wat gepas en geskik is en wat toegelaat en geregtig is om in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika as prokureurs te praktiseer, as wat nodig mag wees vir die behoorlike verrigting van die werksaamhede van 'n Staatsprokureurskantoor; en
- (c) sodanige ander persone as wat nodig mag wees vir die behoorlike verrigting van die werksaamhede van 'n Staatsprokureurskantoor, aanstel.
- (4) (a) Die aanstelling van 'n Prokureur-generaal ingevolge hierdie artikel, eindig, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, en nadat gepaste proses gevolg is—
- (i) indien 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika beveel dat—
    - (aa) sy of haar naam van die prokureursrol of advokaterol, na gelang van die geval, geskrap word; of
    - (bb) hy of sy uit die praktyk geskors word as 'n sanksie na aanleiding van disiplinêre prosesse wat deur die tersaaklike professionele beheerliggaam in die regsberoep ingestel is; of
  - (ii) ingevolge enige grond in artikel 17 van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), voor voorsiening gemaak.
- (b) Die aanstelling ingevolge hierdie artikel van 'n Staatsprokureur of prokureur einding, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, en nadat gepaste proses gevolg is—
- (i) indien 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika beveel dat—
    - (aa) sy of haar naam van die prokureursrol geskrap word; of
    - (bb) hy of sy uit die praktyk geskors word as 'n sanksie na aanleiding van disiplinêre prosesse wat deur die tersaaklike professionele beheerliggaam in die regsberoep ingestel is; of
  - (ii) ingevolge enige grond in artikel 17 van die Staatsdienswet, 1994, voor voorsiening gemaak.
- (5) (a) Wanneer die pos van Prokureur-generaal ook al vakant is of indien die Prokureur-generaal om enige rede afwesig is of nie in staat is om sy of haar bevoegdhede uit te oefen of sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet te verrig nie, kan die Minister van Justisie en Staatkundige

Justice and Constitutional Development may appoint any person who meets the criteria for appointment referred to in subsection (1), to act in that post.

(b) Whenever a post of state attorney is vacant or if a state attorney is for any reason absent or unable to perform his or her functions in terms of this Act, the Minister of Justice and Constitutional Development may, after consultation with the Solicitor-General, appoint any person who meets the criteria for appointment referred to in subsection (3), to act in that post.

(6) The Minister of Justice and Constitutional Development may delegate any power conferred on him or her under this section to the Solicitor-General.

(7) The creation, grading and classification of the post of Solicitor-General and all posts on the establishment of all offices of State Attorney and the remuneration and conditions of service of all persons occupying such posts, are determined by the laws governing the public service.

(8) (a) The person holding office as State Attorney in charge of the office of the State Attorney in Pretoria and any person in charge of any branch of that office at the commencement of the State Attorney Amendment Act, 2014, is deemed to have been appointed as a State Attorney under this section.

(b) Any other person holding an appointment in the office of the State Attorney in Pretoria and any branch thereof at the commencement of the State Attorney Amendment Act, 2014, is deemed to have been appointed under this section.

(9) The Minister of Justice and Constitutional Development may require any person appointed in terms of subsection (3) or deemed to have been appointed under subsection (8), to exercise such powers and perform such functions as the Minister may determine, in addition to the exercise of their powers and performance of their functions in terms of this Act.

(10) Despite anything to the contrary in any law, practice or custom in force or prevailing in any part of the Republic, the Solicitor-General and any person holding an appointment in an office of State Attorney may, notwithstanding that he or she is an attorney, notary or conveyancer, receive a salary in respect of all services rendered or to be rendered by him or her under his or her appointment.”

**Substitution of section 3 of Act 56 of 1957, as amended by section 35 of Act 93 of 1962, section 2 of Act 7 of 1966 and section 1 of Act 49 of 1966**

3. The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

**“Functions of [State Attorney’s office] offices of State Attorney**

3. (1) The functions of the [**office of the State Attorney and of its branches**] offices of State Attorney shall be the performance in any court or in any part of the Republic of such work on behalf of the Government of the Republic as is by law, practice or custom performed by attorneys, notaries and conveyancers [**or by parliamentary agents: Provided that the functions in regard to his duties as parliamentary agent shall be subject to the Standing Rules of the respective Houses of Parliament**].

(2) There may also be performed at the [**State Attorney’s office or at any of its branches**] offices of State Attorney like functions for or on behalf of the administration of any province, [**and the South African Railways and Harbours Administration,**] subject to such terms and conditions as may be arranged between the Minister of Justice and Constitutional Development and the [**Administration**] administration concerned.

(3) Unless the Minister of Justice and Constitutional Development otherwise directs, there may also be performed at the [**State Attorney’s**

Ontwikkeling enige persoon wat voldoen aan die maatstawwe vir aanstelling in subartikel (1) bedoel, aanstel om in daardie pos waar te neem.

(b) Wanneer 'n pos van Staatsprokureur vakant is of indien 'n Staatsprokureur om enige rede afwesig is of nie in staat is om sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet te verrig nie, kan die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, na oorleg met die Prokureur-generaal, enige persoon wat voldoen aan die maatstawwe vir aanstelling in subartikel (3) bedoel, aanstel om in daardie pos waar te neem. 5

(6) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan enige bevoegdheid wat kragtens hierdie artikel aan hom of haar verleen is, aan die Prokureur-generaal delegeer. 10

(7) Die instelling, gradering en klassifikasie van die pos van Prokureur-generaal en alle poste op die diensstaat van al die Staatsprokureurskantore en die besoldiging en diensvoorwaardes van alle persone wat daardie poste beklee, word ingevolge die wetsbepalings op die staatsdiens bepaal. 15

(8) (a) Die persoon wat die amp van Staatsprokureur in beheer van die Staatsprokureurskantoor in Pretoria beklee en enige persoon in beheer van enige tak van daardie kantoor by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Staatsprokureur, 2014, word geag kragtens hierdie artikel as Staatsprokureur aangestel te gewees het. 20

(b) Enige ander persoon wat 'n betrekking in die Staatsprokureurskantoor in Pretoria en enige tak daarvan beklee by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Staatsprokureur, 2014, word geag kragtens hierdie artikel aangestel te gewees het. 25

(9) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan iemand wat kragtens subartikel (3) aangestel is of kragtens subartikel (8) geag word aangestel te gewees het, gelas om die bevoegdhede uit te oefen en die werksaamhede te verrig wat die Minister mag bepaal, benewens die uitoefening van die bevoegdhede en verrigting van die werksaamhede kragtens hierdie Wet. 30

(10) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling, praktyk of gebruik wat in enige deel van die Republiek geld of in swang is, kan die Prokureur-generaal en enige persoon wat 'n betrekking in 'n Staatsprokureurskantoor beklee, al is hy of sy 'n prokureur, notaris of akte-uitmaker, 'n salaris ontvang ten opsigte van alle dienste wat ingevolge sy of haar aanstelling deur hom of haar gelewer word of staan te word.''. 35

### Vervanging van artikel 3 van Wet 56 van 1957, soos gewysig deur artikel 35 van Wet 93 van 1962, artikel 2 van Wet 7 van 1966 en artikel 1 van Wet 49 van 1966

3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

#### **“Werksaamhede van [Staatsprokureurskantoor] Staatsprokureurskantore** 40

3. (1) Die werksaamhede van die **[Staatsprokureurskantoor en van die takke daarvan] Staatsprokureurskantore** bestaan uit die verrigting in enige hof of in enige deel van die Republiek van werk ten behoeve van die Regering van die Republiek wat volgens wet, praktyk of gebruik deur prokureurs, notarisse en akte-uitmakers **[of deur parlementêre agente]** verrig word[: **Met dien verstande dat die werksaamhede met betrekking tot sy pligte as parlementêre agent met inagneming van die reglement van orde van die onderskeie Huise van die Parlement uitgevoer word]**. 45 50

(2) Daar kan ook by die **[Staatsprokureurskantoor of by enige tak daarvan] Staatsprokureurskantore** soortgelyke werksaamhede vir of ten behoeve van die administrasie van 'n provinsie **[en die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie]** verrig word, en wel onderworpe aan die bedinge en voorwaardes waarop deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling en die betrokke administrasie ooreengekom word. 55

(3) Tensy die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling anders gelas, kan by die **[Staatsprokureurskantoor of by 'n tak daarvan]**

**office or at any of its branches]** offices of State Attorney like functions in or in connection with any matter in which the Government or such an administration as aforesaid, though not a party, is interested or concerned in, or in connection with any matter where, in the opinion of **[the]** a State Attorney or of any person acting under his or her authority, it is in the public interest that such functions be performed at the said **[office or at one of its branches]** offices. 5

(4) The Minister of Justice and Constitutional Development shall after consultation with the Solicitor-General, who must consult with the State Attorneys, determine policy relating to the functions of the offices of State Attorney as set out in this section, which must include the following: 10

- (a) The coordination and management of all litigation in which the State is involved;
- (b) the briefing of advocates;
- (c) the outsourcing of legal work, including the instruction of correspondent attorneys; 15
- (d) initiating, defending and opposing of matters; and
- (e) implementing alternative dispute resolution mechanisms in the resolution of litigation against the State, 20

which must be observed by all persons appointed in the offices of State Attorney.

(5) The policy relating to the functions of the offices of State Attorney referred to in subsection (4) and any amendments thereto must be—

- (a) approved by Cabinet; and
- (b) tabled in Parliament by the Minister of Justice and Constitutional Development.”. 25

**Insertion of section 3A in Act 56 of 1957**

4. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 3:

**“Powers and functions of Solicitor-General**

**3A.** (1) The Solicitor-General shall— 30

- (a) be the executive officer of all offices of State Attorney;
- (b) exercise control, direction and supervision over all offices of State Attorney; and
- (c) in implementing the policy referred to in section 3(4), issue directives and standards regarding the functions referred to in that section, which standards and directives must be observed by all persons appointed in the offices of State Attorney. 35

(2) The Solicitor-General shall—

- (a) exercise the powers and perform the functions as determined in terms of this Act or any other law; and 40
- (b) perform any other function that may be required of him or her by the Minister of Justice and Constitutional Development.

(3) The directives and standards referred to in subsection (1)(c) and any amendments thereto must be tabled in Parliament by the Minister of Justice and Constitutional Development. 45

(4) (a) The Solicitor-General may, subject to paragraphs (b) and (c) and any conditions he or she may determine, delegate in writing, any power conferred on him or her under this Act to any person appointed by the Minister of Justice and Constitutional Development in terms of section 2(3)(a) and (b). 50

(b) The Solicitor-General is not divested of any power so delegated and may amend or set aside any decision made in the exercise of that power, subject to any rights that may have accrued to a person as a result of the decision.



Staatsprokureurskantore ook soortgelyke werksaamhede verrig word in of in verband met enige aangeleentheid waarby die Regering of so 'n voormelde administrasie, hoewel geen party nie, belang het of betrokke is, of in verband met enige aangeleentheid waar dit volgens die oordeel van [die] 'n Staatsprokureur of van iemand wat op sy of haar gesag handel, in die openbare belang is dat die betrokke werksaamhede by bedoelde [kantoor of by 'n tak daarvan] kantore verrig word.

(4) Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling moet na oorleg met die Prokureur-generaal, wat met die Staatsprokureurs moet oorleg pleeg, beleid bepaal met betrekking tot die werksaamhede van die Staatsprokureurskantore soos in hierdie artikel uiteengesit, wat die volgende moet insluit:

- (a) Die koördinering en bestuur van alle litigasie waarin die Staat betrokke is;
  - (b) die gee van opdragte aan advokate;
  - (c) die uitbesteding van regswork, met inbegrip van opdraggewing aan korrespondent prokureurs;
  - (d) inisiëring, verdediging en teenstaan van sake; en
  - (e) toepassing van alternatiewe geskilbeslegtingsmeganismes in die beslegting van litigasie teen die Staat,
- wat deur alle persone aangestel in die Staatsprokureurskantore nagekom moet word.

(5) Die beleid wat betrekking het op die werksaamhede van die Staatsprokureurskantore bedoel in subartikel (4) en enige wysigings daarvan moet—

- (a) deur die Kabinet goedgekeur word; en
- (b) deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling in die Parlement ter tafel gelê word.”.

#### Invoeging van artikel 3A in Wet 56 van 1957

4. Die volgende artikel word hierby na artikel 3 in die Hoofwet ingevoeg:

#### “Bevoegdhe en werksaamhede van Prokureur-generaal

3A. (1) Die Prokureur-generaal—

- (a) is die uitvoerende beamppte van alle Staatsprokureurskantore;
- (b) moet beheer, leiding en toesig oor alle Staatsprokureurskantore uitoefen; en
- (c) moet in die toepassing van die beleid in artikel 3(4) bedoel, voorskrifte en standarde uitreik ten opsigte van die werksaamhede in daardie artikel bedoel, welke standarde en voorskrifte deur alle persone aangestel in die Staatsprokureurskantore nagekom moet word.

(2) Die Prokureur-generaal moet—

- (a) die bevoegdhe uitoefen en die werksaamhede verrig soos kragtens hierdie Wet of enige ander wet, bepaal; en
- (b) enige ander werksaamhede verrig wat die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling van hom of haar vereis.

(3) Die voorskrifte en standarde in subartikel (1)(c) bedoel en enige wysigings daarvan moet deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling in die Parlement ter tafel gelê word.

(4) (a) Die Prokureur-generaal kan, behoudens paragrawe (b) en (c) en enige voorwaardes wat hy of sy mag bepaal, enige bevoegdhe wat kragtens hierdie Wet aan hom of haar verleen is, skriftelik delegeer aan enige persoon wat kragtens artikel 2(3)(a) en (b) deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling aangestel is.

(b) Die Prokureur-generaal word nie ontdaan van enige bevoegdhe aldus gedelegeer nie en kan enige besluit wat in die uitoefening van daardie bevoegdhe gemaak is, wysig of tersyde stel, behoudens enige regte wat as gevolg van die besluit aan 'n persoon toegeval het.

(c) The Solicitor-General may not delegate the power to issue directives and standards conferred on him or her in terms of subsection (1)(c).”.

**Amendment of section 6 of Act 56 of 1957, as substituted by section 36 of Act 93 of 1962**

5. Section 6 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1), (2) and (3) of the following subsections, respectively: 5

“(1) In every application, motion, action, suit or other legal proceedings of a civil nature in or before any court in or in connection with which **[the] a State Attorney, or any person employed in [the State Attorney’s office or a branch thereof] an office of State Attorney** and admitted and entitled to practise as aforesaid, has appeared, or in any matter wherein **[he] such State Attorney** or any such person has acted in the performance of any of the said functions, fees and costs may be taxed and recovered in the same manner as if such functions had been performed by a practitioner in private practice. 10

(2) Notwithstanding anything to the contrary in any law, such fees and costs shall in the case of any such application, motion, action, suit or other legal proceedings include the amount of any **[stamp duty and]** fee of office which would have been payable and borne by the Government of the Republic (including any administration referred to in subsection (2) of section *three*) in respect of any document filed, lodged, registered or issued by **[the] a State Attorney or by any person employed in [the State Attorney’s office or any branch thereof] an office of State Attorney**, if such document were not exempt from such **[duty or]** fee under the provisions of any law. 15 20

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any law but subject to the provisions of subsection (2), any document filed, lodged, registered or issued by **[the] a State Attorney or by any person employed in [the State Attorney’s office or any branch thereof] an office of State Attorney** shall not be subject to **[stamp duty or]** any fee of office **[payable by means of stamps]**: Provided that any such **[duty or]** fee which would but for this subsection be legally payable and borne otherwise than by the Government of the Republic (including any administration referred to in subsection (2) of section *three*), may be recovered from the person concerned by **[the] a State Attorney or by any person employed in [the State Attorney’s office or any branch thereof] an office of State Attorney**.”. 25 30

**Substitution of section 7 of Act 56 of 1957**

6. The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act: 35

**“Right to exercise function at places [where no fixed office] other than offices of State Attorney**

7. Notwithstanding anything to the contrary in any law, practice or custom, **[the] a State Attorney** and any person employed in his or her office and admitted and entitled to practise as aforesaid and any person nominated by him or her and likewise admitted and entitled to practise may, subject to the provisions of sections *four and five*, exercise his or her functions in any court in the Republic even though **[he may have no fixed office or branch office] there is no office of State Attorney** at the place where such court sits.”. 40 45

**Amendment of section 8 of Act 56 of 1957, as inserted by section 37 of Act 93 of 1962 and amended by section 11 of Act 129 of 1993**

7. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) **[The State Attorney or the person in charge of a branch of the State Attorney’s office]** A State Attorney shall be entitled in the exercise of his or her functions aforesaid to instruct and employ as correspondent 50

(c) Die Prokureur-generaal mag nie die bevoegdheid om voorskrifte en standaarde uit te reik wat kragtens subartikel (1)(c) aan hom of haar verleen is, delegeer nie.”.

**Wysiging van artikel 6 van Wet 56 van 1957, soos vervang deur artikel 36 van Wet 93 van 1962** 5

5. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1), (2) en (3) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

“(1) In verband met elke aansoek, mosie, aksie, saak of ander geregtelike proses van ’n siviele aard in of voor ’n hof, waarin of in verband waarmee **[die] ’n Staatsprokureur** of iemand in diens by **[die Staatsprokureurskantoor of ’n tak daarvan] ’n Staatsprokureurskantoor**, wat toegelaat en geregtig is om soos voormeld te praktiseer, verskyn het of in verband met ’n aangeleentheid in verband waarmee **[hy]** so ’n Staatsprokureur of so iemand vir die verrigting van enige van bedoelde werksaamhede opgetree het, kan honoraria en koste op dieselfde wyse getakseer en verhaal word asof daardie werksaamhede deur ’n praktisyn in ’n private praktyk verrig was. 10 15

(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings, sluit sodanige honoraria en koste, in die geval van so ’n aansoek, mosie, aksie, saak of ander geregtelike proses, die bedrag in van **[seëlregte en]** kantoorgelde wat betaalbaar en gedra sou gewees het deur die Regering van die Republiek (met inbegrip van ’n administrasie in subartikel (2) van artikel *drie* vermeld) ten opsigte van ’n dokument wat deur **[die] ’n Staatsprokureur** of deur iemand in diens in **[die Staatsprokureurskantoor of ’n tak daarvan] ’n Staatsprokureurskantoor** ingedien, ingelewer, geregistreer of uitgereik word, indien die dokument nie van sodanige **[regte of]** gelde kragtens die bepaling van een of ander wet vrygestel was nie. 20 25

(3) Ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepaling van subartikel (2), geld **[, seëlregte of]** kantoorgelde **[betaalbaar deur middel van seëls]** nie ten opsigte van ’n dokument wat deur **[die] ’n Staatsprokureur** of deur iemand in diens in **[die Staatsprokureurskantoor of ’n tak daarvan] ’n Staatsprokureurskantoor** ingedien, ingelewer, geregistreer of uitgereik word nie: Met dien verstande dat sodanige **[regte of]** gelde wat by ontstentenis van hierdie subartikel anders as deur die Regering van die Republiek (met inbegrip van ’n administrasie in subartikel (2) van artikel *drie* vermeld) regtens betaalbaar sou wees en gedra sou word, op die betrokke persoon verhaal kan word deur **[die] ’n Staatsprokureur** of deur iemand in diens in **[die Staatsprokureurskantoor of ’n tak daarvan] ’n Staatsprokureurskantoor**.”. 30 35

**Vervanging van artikel 7 van Wet 56 van 1957**

6. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Reg om werksaamhede te verrig op plekke [waar geen vaste kantoor is nie] anders as Staatsprokureurskantore** 40

7. Ondanks andersluidende bepalinge van enige wet, praktyk of gebruik, kan **[die] ’n Staatsprokureur** en iemand in diens in sy of haar kantoor, wat toegelaat en geregtig is om soos voormeld te praktiseer, en ’n deur hom of haar aangewese persoon wat insgelyks toegelaat en geregtig is om te praktiseer, behoudens die bepalinge van artikels *vier* en *vyf*, sy of haar werksaamhede in enige hof in die Republiek uitoefen **selfs** al **[het hy geen vaste kantoor of takkantoor]** is daar geen Staatsprokureurskantoor op die plek waar bedoelde hof sit nie.”. 45

**Wysiging van artikel 8 van Wet 56 van 1957, soos ingevoeg deur artikel 37 van Wet 93 van 1962 en gewysig deur artikel 11 van Wet 129 van 1993** 50

7. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die vervanging van subartikel (1) deur die volgende subartikel:

“(1) **[Die Staatsprokureur of die hoof van ’n tak van die Staatsprokureurskantoor] ’n Staatsprokureur** is by die verrigting van sy of haar voormelde werksaamhede geregtig om ’n prokureur of ander 55

any attorney or other qualified person to act in any legal proceedings or matters in any place in the same way and, *mutatis mutandis*, subject to the same rules, terms and conditions as govern attorneys in private practice, and shall be entitled to receive and recover from such correspondent the same allowances as he or she would be entitled to do if he or she were an attorney in private practice.”; and 5

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) (a) **[The State Attorney or the person in charge of a branch of the State Attorney’s office]** A State Attorney may delegate any power conferred upon him or her under this section to any person employed in **[the State Attorney’s office or branch thereof, as the case may be]** an office of State Attorney. 10

(b) A State Attorney is not divested of any power so delegated and may amend or set aside any decision made in the exercise of that power, subject to any rights that may have accrued to a person as a result of the decision.”. 15

**Amendment of section 9 of Act 56 of 1957, as amended by section 5 of Act 7 of 1966 and section 46 of Act 97 of 1986**

8. Section 9 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words: 20

“The Minister of Justice and Constitutional Development may make regulations, not inconsistent with this Act—”;

(b) by the substitution for paragraphs (b) and (c) of the following paragraphs, respectively: 25

“(b) prescribing the places within the Republic at which **[branches of the office of the State Attorney]** offices of State Attorney shall be established and the number of persons who may be employed at **[any such branch]** such offices;

(c) as to the instruction and employment of attorneys, notaries and conveyancers, by or on behalf of **[the]** a State Attorney;”;

(c) by the substitution in paragraph (d) for subparagraphs (i) and (ii) of the following subparagraphs, respectively:

“(i) a minimum period for which a person who has completed his or her service under articles to **[the]** a State Attorney or a professional assistant in **[the office, or a branch of the office, of the State Attorney]** an office of State Attorney, shall serve the State in such office **[or in any branch of such office]**, which period may vary according to the period of service under such articles; 35

(ii) an amount (which may vary according to the period served in **[such office or in any such branch]** an office of State Attorney under such articles or after completion of service thereunder) which any person who fails to complete his or her service under articles to **[the]** a State Attorney or **[such]** a professional assistant in an office of State Attorney, or so to serve the State for the period so provided for, may be required to pay to the State; and”.

**Substitution of section 9A of Act 56 of 1957, as inserted by section 1 of Act 45 of 1980**

9. The following section is hereby substituted for section 9A of the principal Act:

**“Performance by [State Attorney’s office] offices of State Attorney of work on behalf of government of foreign state 50**

**9A.** If agreed upon between the Government of the Republic and the government of any other state, **[the State Attorney’s office or any branch thereof]** an office of State Attorney may perform such kind of work as is performed under this Act by the said office **[or any such branch]** on behalf 55

gekwalfiseerde persoon as korrespondent opdrag te gee en aan te stel om in regsdinge of sake in enige plek op te tree op dieselfde wyse en *mutatis mutandis* onderworpe aan dieselfde reëls, bedinge en voorwaardes as wat vir 'n prokureur in private praktyk geld, en is geregtig om van so 'n korrespondent die toelaes te ontvang en te verhaal waartoe hy of sy geregtig sou wees indien hy of sy 'n prokureur in private praktyk was.”; en

(b) deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:

“(3) (a) [Die Staatsprokureur of die hoof van 'n tak van die Staatsprokureurskantoor] 'n Staatsprokureur kan enige bevoegdheid kragtens hierdie artikel aan hom of haar verleen aan iemand in diens van [die Staatsprokureurskantoor of tak daarvan, na gelang van die geval,] 'n Staatsprokureurskantoor delegeer.

(b) 'n Staatsprokureur word nie ontdaan van enige bevoegdheid wat aldus gedeleger is nie en kan enige besluit wat in die uitoefening van daardie bevoegdheid gemaak is, wysig of tersyde stel, behoudens enige regte wat as gevolg van die besluit aan 'n persoon toegeval het.”.

#### Wysiging van artikel 9 van Wet 56 van 1957, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 7 van 1966 en artikel 46 van Wet 97 van 1986

8. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die vervanging van die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde:

“Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kan regulasies uitvaardig wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie—”;

(b) deur paragrafe (b) en (c) onderskeidelik deur die volgende paragrafe te vervang:

“(b) waarby die plekke in die Republiek voorgeskryf word waar [takke van die Staatsprokureurskantoor] Staatsprokureurskantore ingestel moet word, asook die aantal persone wat by [so 'n tak] sodanige kantore in diens geneem mag word;

(c) betreffende opdragte aan en aanstelling van prokureurs, notaris en akte-uitmakers deur of ten behoeve van [die] 'n Staatsprokureur;”;

(c) deur subparagrafe (i) en (ii) in paragraaf (d) onderskeidelik deur die volgende subparagrafe te vervang:

“(i) 'n minimum tydperk waarvoor iemand wat sy of haar diens onder leerkontrak by [die] 'n Staatsprokureur of 'n professionele assistent in [die kantoor, of 'n tak van die kantoor, van die Staatsprokureur] 'n Staatsprokureurskantoor voltooi het, die Staat in daardie kantoor [of in 'n tak van daardie kantoor] moet dien, watter tydperk na gelang van die tydperk van diens onder bedoelde leerkontrak kan wissel;

(ii) 'n bedrag (wat kan wissel na gelang van die tydperk in [bedoelde kantoor of in so 'n tak] 'n Staatsprokureurskantoor onder so 'n leerkontrak of na voltooiing van diens daaronder gedien) wat van iemand wat versuim om sy of haar diens onder leerkontrak by [die] 'n Staatsprokureur of [so] 'n professionele assistent in 'n Staatsprokureurskantoor te voltooi, of die Staat vir die aldus bepaalde tydperk aldus te dien, vereis kan word om aan die Staat te betaal; en”.

#### Vervanging van artikel 9A van Wet 56 van 1957, soos ingevoeg deur artikel 1 van Wet 45 van 1980

9. Artikel 9A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Verrigting deur [Staatsprokureurskantoor] Staatsprokureurskantore van werk ten behoeve van regering van vreemde staat

9A. Indien daaromtrent ooreengekom tussen die Regering van die Republiek en die regering van 'n ander staat, kan [die Staatsprokureurskantoor of 'n tak daarvan] 'n Staatsprokureurskantoor die soort werk wat kragtens hierdie Wet deur genoemde kantoor [of so 'n tak]

of the Government of the Republic, for or on behalf of the government of that other state in any court or in any part of the Republic or in that state, subject to such conditions as may be so agreed upon.”.

**Substitution of words and expressions in Act 56 of 1957**

10. The principal Act is hereby amended by the substitution for the expression “State Attorney’s office”, wherever it occurs, of the expression “offices of State Attorney”. 5

**Substitution of long title of Act 56 of 1957**

11. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act: “**To consolidate the laws relating to the establishment of [the office of the State Attorney] offices of State Attorney and matters [incidental thereto] connected therewith.**” 10

**Short title and commencement**

12. This Act is called the State Attorney Amendment Act, 2014, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

ten behoeve van die Regering van die Republiek verrig word, vir of ten behoeve van die regering van daardie ander staat verrig in enige hof of in enige deel van die Republiek of in daardie staat, onderworpe aan die voorwaardes waaromtrent aldus ooreengekom word.”.

#### **Vervanging van woorde en uitdrukkings in Wet 56 van 1957**

5

**10.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking “Staatsprokureurskantoor”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking “Staatsprokureurskantore” te vervang.

#### **Vervanging van lang titel van Wet 56 van 1957**

**11.** Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang: 10  
**“Tot samevatting van die wetsbepalings op die instelling van [die Staatsprokureurskantoor] Staatsprokureurskantore en aangeleenthede wat daarmee in verband staan.”.**

#### **Kort titel en inwerkingtreding**

**12.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Staatsprokureur, 2014, en tree in 15 werking op ’n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

